Volwassenes: By pasiënte wat vir nie-kleinsellongkanker behandel word: die aanbevole dosis pemetreksed is 500 mg/m^2 wat as 'n intraveneuse infusie oor 10 minute op die eerste dag van elke 21-dag·siklus, toegedien word. Die aanbevole dosis sisplatien is 75 mg/m^2, wat oor 2 uur geïnfuseer word ongeveer 30 minute na voltooiing van die PEXITAZ-infusie op die eerste dag van elke 21-dag·siklus. Pasiënte moet toepaslike hidrasie voor en/of na ontvangs van sisptatien ontvang.

Premedikasie regimen:
Om die voorkoms en erns van velreaksies te verminder, behoort 'n kortikosteroïed gegee te word die dag voor, op die dag van, en die dag na PEXITAZ-toedlening. Die kortikosteroïed behoort ekwivalent te wees aan 4 mg deksametasoon wat oraal twee keer per dag toegedien word (sien seksie 4.4).

Om toksisiteit te vermlnder, behoort pasiënte wat met PEXITAZ behandel word, ook vitamiensupplementasie te ontvang (sien seksie 4.4). Pasiënte moet orale foliensuur of 'n multivitamien wat foliensuur bevat (350 tot 1000 mkg) op 'n daaglikse basis neem. Ten minste 5 daaglikse dosisse foliensuur moet gedurende die 7 dae voor die eerste dosis PEXITAZ geneem word en dosering behoort voortgesit te word vir die volle terapiekursus en vir 21 dae na die laaste dosis PEXITAZ. Pasiënte moet ook 'n binnespierse inspuiting van vitamien B_{12} (1000 mkg) ontvang in die week voor die eerste dosis PEXITAZ en elke 3 siklusse daama.

Monitering:
Pasiënte wat PEXITAZ ontvang, behoort voor elke dosis gemoniteer te word met 'n vol bloedtelling, insluitend 'n dlfferensiële en 'n plaatjietelling. Periodieke bloedchemietoetse behoort versamel te word om renale en hepatiese funksie te evalueer. Die Absolute neutrofieltelling (ANT) behoort ≥ 1500 selle/mm^3 en plaatjies behoort ≥ 100 000 selle/m^3 te wees voor die begin van elke siklus.

Dosisaanpassings:
Dosisaanpassings aan die begin van 'n volgende siklus behoort gegrond te word op laagtepunt hematologiese tellings of maksimum nie-hematologiese toksisiteit van die voorafgaande terapiesiklus. Behandeling mag vertraag word om voldoende tyd vir herstel toe te laat. Na herstel, mag pasiënte weer behandel word deur van die riglyne in onderstaande Tabelle 1, 2 en 3 gebruik te maak, wat van toepassing is op PEXITAZ wat as ‘n enkelmiddel of in kombinasie met sisplatien gebruik word.

Tabel 1: Dosismodifikasie Tabel vir PEXITAZ (As ‘n enkelmiddel of in kombinasie) en sisplatien – Hematologiese toksisiteite	
Laagtepunt ANT < 500/mm^3 en laagtepunt plaatjies ≥ 50,000/mm^3	75 % van die vorige dosis PEXITAZ en sisplatien

Laagtepunt plaatjies ≤ 50,000/mm^3 sonder bloeding ongeag laagtepunt ANT	50 % van die vorige dosis PEXITAZ en sisplatien
Laagtepunt plaatjies ≤ 50,000/mm^3 met bloeding[a] ongeag laagtepunt ANT	50 % van die vorige dosis PEXITAZ en sisplatien

[a] Hierdie kriteria stem ooreen met die Nasionale Kanker Instituut, Algemene Toksisiteit Kriteria weergawe 2.0 (NCI 1998) definisie van ≥ CTC Graad 2 bloeding.

Indien pasiënte nie-hematologiese toksisiteite (neurotoksisiteit uitgesluit) ≥ Graad 3 ontwikkel, behoort behandellng weerhou te word tot resolusie tot minder as, of gelyk aan die pasiënt se pre-terapie waarde, plaasgevind het. Behandeling behoort dan voortgesit te word volgens die riglyne in onderstaande Tabel 2.

Tabel 2: Dosismodifikasie Tabel vir PEXITAZ (As enkelmiddel of in kombinasie) en sisplatien – Nie-Hematologiese toksisiteite [a, b]

	Dosis PEXITAZ (mg/m^2)	Dosis sisplatien (mg/m^2)
Enige Graad 3 of 4 toksisiteite behalwe mukositis	75 % van die vorige dosis	75 % van die vorige dosis
Enige diarree wat hospitalisasie nodig het (ongeag die graad) of Graad 3 of 4 diarree	75 % van die vorige dosis	75 % van die vorige dosis
Graad 3 of 4 mukositis	50 % van die vorige dosis	100 % van die vorige dosis

[a] Nasionale Kanker Instituut se Algemene Toksisiteit Kriteria (CTC)
[b] Neurotoksisiteit uitgesluit

In 'n geval van neurotoksisiteit, word die aanbevole dosisaanpassing vlr pemetreksed en sisplatien aangedui in onderstaande Tabel 3. Pasiënte behoort teraple te staak indien Graad 3 or 4 neurotoksisiteit waargeneem word.

Tabel 3: Dosismodifikasie Tabel vir PEXITAZ (As 'n enkelmiddel of in kombinasie) en sisplatien – Neurotoksisiteit

CTC * Graad	Dosis PEXITAZ (mg/m^2)	Dosis sisplatien (mg/m^2)
0-1	100 % van die vorige dosis	100 % van die vorige dosis
2	100 % van die vorige dosis	50 % van die vorige dosis

* Algemene Toksisiteit Kriteria (CTC)

Behandeling met PEXITAZ behoort gestaak te word indien 'n pasiënt enige hematologiese of nie-hematologiese Graad 3 of 4 toksisiteit na twee dosisverminderings ondervind of onmiddellik indien Graad 3 of 4 neurotoksisiteit waargeneem word.

Spesiale populasies
Bejaardes. In kliniese studies was daar geen aanduiding dat pasiënte van 65 jaar of ouer aan 'n verhoogde risiko van nadelige reaksies vergeleke met pasiënte jonger as 65 jaar, blootgestel word nie. Geen dosisverminderings, behalwe die wat vir alle pasiënte aanbeveel word, is nodig nie.

Pediatries: PEXITAZ word nie vir gebruik by pasiënte jonger as 18 jaar aanbeveel nie, omdat veiligheid en doeltreffendheid nie by hierdie groep pasiënte vasgestel is nie.

Pasiënte met renale inkorting: (standaard Cockcroft en Gault formule of glomerulêre filtrasietempo gemeet deur Tc99m-DPTA-serumopruimingsmetode): Pemetreksed word primêr onveranderd deur renale uitskeiding geëlimineer. In aangemelde kliniese studies het pasiënte met kreatinienopruiming van ≥ 45 ml/min geen dosisaanpassings, behalwe die wat vlr alle pasiënte aanbeveel word, nodlg gehad nie. Daar is onvoldoende data aangemeld oor die gebruik van pemetreksed by pasiënte met kreatinienopruiming onder 45 ml/min; dus word die gebrulk van PEXITAZ nie aanbeveel nie (sien seksie 4.4).

Pasiënte met hepatiese inkorting: Geen verwantskappe tussen AST (SGOT), ALT (SGPT), of totale bilirubien en pemetreksed -farmakokinetika is geïdentifiseer nie, maar pasiënte met hepatiese inkorting, soos bilirubien > 1,5 keer die boonste limiet van normaal en/of transaminase > 3,0 keer die boonste limiet van normaal (hepatiese metastases afwesig), of > 5,0 keer die boonste limiet van normaal (hepatiese metastases teenwoordig), is nie spesifiek bestudeer nie.

Metode van toediening
PEXITAZ word toegedien as ‘n intraveneuse infusie oor 10 minute op die eerste dag van elke 21-dag siklus.

Vir voorsorg om te neem voor manipulering of toediening van PEXITAZ, instruksies vir hersamestelling en verdunning van PEXITAZ voor toediening, sien seksie 6.6.

4.3 Kontra-indikasies
- PEXITAZ word teenaangedui by pasiënte met bekende hipersensitiwitelt teen pemetreksed of teen enigeen van die ander bestanddele van PEXITAZ (gelys in seksie 6.1).
- Swangerskap en borsvoeding (sien seksie 4.6).
- Gelyktydig met vaksien vir geelkoors (sien seksie 4.5).

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik
Pemetreksed kan beenmurgfunksie onderdruk soos gemanifesteer deur neutropenie, trombositopenie, anemie of pansitopenie (sien seksie 4.8). Mïelo-onderdrukking is gewoonlik die dosisbeperkende toksisiteit. Pasiënte moet vir mïelo-onderdrukking tydens terapie gemoniteer word en PEXITAZ behoort nie aan pasiënte toegedien te word totdat die absolute neutrofieltelling (ANl) tot ≥ 1,500 selle/mm^3 en die plaatjietelling tot ≥ 100,000 selle/mrn^3 terugkeer nie. Dosisverminderings vir daaropvolgende siklusse word gegrond op laagtepunt ANT, plaatjietelling en maksimum nie-hematologiese toksisiteit wat van die vorige siklus waargeneem word (sien seksie 4.2).
Minder algehele toksisiteit en 'n vermindering in Graad 3/4 hematologiese en nie-hematologiese toksisiteite soos neutropenie, koorsneutropenie en infeksie met Graad 3/4 neutropenie is aangemeld toe voorbehandeling met foliensuur en vitamien B_{12} toegedien is. Pasiënte wat met pemetreksed behandel word, moet dus aangeraai word om foliensuur en vitamien B_{12} as 'n profilaktiese maatreël te neem om behandelingsverwante toksisiteit te verminder (sien seksie 4.2).
Velreaksies is aangemeld by pasiënte wat nie vooraf met 'n kortikosteroïed behandel is nie. Voorbehandeling met deksametasoon of 'n ekwivalent kan die voorkoms en erns van velreaksies verminder (sien seksie 4.2).
'n Ontoereikende aantal pasiënte met kreatinienopruiming van < 45 ml/min is bestudeer. Dus word die gebruik van PEXITAZ by pasiënte met kreatinienopruiming van < 45 ml/min nie aanbeveel nie (sien seksie 4.2).
Pasiënte met ligte tot matige renale ontoereikendheid (kreatinienopruiming van 45 - 79 ml/min) behoort die inname van nie-steroïedale anti-inflammatoriese middels (NSAIMs) soos ibuprofeen en aspirin (> 1.3 g daagliks) met kort eliminasie halfleeftye vir ten minste 2 dae voor, op die dag van, of ten rninste 2 dae na toediening van PEXITAZ te vermy.

Alie pasiënte wat vir pemetreksed -terapie geskik is, behoort die inname van NSAIMs met lang eliminasie halfleeftye vir ten minste 5 dae voor, op die dag van, en ten minste 2 dae na toediening van pemetreksed te vermy (sien seksie 4.5).
Ernstige renale voorvalle, insluitend akute renale versaking, is aangemeld met pemetreksed alleen of in assosiasie met ander chemoterapeutiese medisyne. Baie van die pasiënte by wie dit voorgekom het, het onderliggende risikofaktore vir die ontwikkeling van renale voorvalle, insluitend dehidrasie of vooraf bestaande hipertensie of diabetes, gehad. Nefrogeniese diabetes insipidus en renale tubulêre nekrose is ook aangemeld na-bemarking instelling met pemetreksed alleen of met ander chemoterapeutiese medisyne. Meeste van hierdie voovalle het opgeklaar nadat pemetreksed onttrek is. Pasiënte moet gereeld gemoniteer word vir akute tubulêre nekrose, verlaagde nierfunksie en tekens en simptome van nefrogeniese diabetes insipidus (bv. hipernatremie).

Die effek van derde spasie vloeistof, soos pleurale effusie of askites, op pemetreksed is nog nie volledig gedefinïeer nie. Dreinering van versamelings van derde spasie vloeistof voor behandeling met PEXITAZ by pasiënte met normale renale funksie, behoort dus oorweeg te word, maar mag dalk nie nodig wees nie.
As gevolg van die gastroïntestinale toksisiteit van pemetreksed toegedien in kombinasie met sisplatien, is ernstige dehidrasie aangemeld. Pasiënte behoort dus genoegsame antiemetiese behandeling en toepaslike hidrasie te ontvang voor en/of na behandeling met PEXITAZ.

Ernstige kardiovaskulêre voorvalle, insluitend miokardiale infarksie en serebrovaskulêre voorvalle is nie-algemeen aangemeld gedurende kliniese studies met pemetreksed, gewoonlik indien dit in kombinasie met ‘n ander sitotoksiese middel toegedien word. Meeste van die pasiënte by wie hierdie voorvalle aangemeld is, het voorafbestaande kardiovaskulêre risikofaktore gehad (sien seksie 4.8).

Immuunonderdrukking is algemeen by kankerpasiënte. As gevolg hiervan, word gelyktydige gebruik van lewende vaksiene nie aanbeveel nie (sien seksies 4.3 en 4.5).

Pemetreksed kan geneties-skadelike effekte hê. Seksueel volwasse mans word aanbeveel om nie ‘n kind te verwek gedurende en tot 6 maande na behandeling nie. Voorbehoedmaatreëls of onthouding word aanbeveel. As gevolg van die moontlikheid dat pemetreksed-behandeling onomkeerbare onvrugbaarheid kan veroorsaak, word mans aanbeveel om berading te soek aangaande die stoor van sperm voordat behandeling begin word.

Vrouens met die potensiaal om swanger te kan raak moet effektiewe kontasepsie gedurende behandeling met PEXITAZ gebruik (sien seksie 4.6).

Gevalle van radiasie-pneumonitis is aangemeld by pasiënte wat met radiasie behandel is voor, gedurende of net na hul behandeling met pemetreksed. Besondere aandag behoort gegee te word aan hierdie pasiënte en sorg moet geneem word met die gebruik van ander radiosensitiseringsmiddels.

Gevalle van herroeping van radiasie is aangemeld by pasiënte wat radioterapie weke of jare tevore ontvang het.

Waarskuwing oor die ander bestanddele
PEXITAZ 100 bevat 11 mg (< 1 mmol) natrium per flessie, dit is dus in wese “Vry van natrium”.

PEXITAZ 500 bevat ongeveer 54 mg (2,35 mmol) natrium per flessie. Moet in ag geneem word deur pasiënte op ‘n natrium-gekontroleerde dieet.

4.5 Interaksie met ander medisyne en ander vorms van interaksie

Pemetreksed word primêr onveranderd deur die niere uitgeskei as gevolg van glomerulêre filtrasie en tubulêre sekresie. *In vitro* studies dui aan dat pemetreksed aktief deur OAT3 (organiese anioontransporteerder 3) uitgeskei word. Gelyktydige toediening van nefrotoksiese medisyne (bv. aminoglikosiede, lus diuretika, platinumverbindings, siklosporien) kan vertraagde opruiming van pemetreksed tot gevolg hê. Hierdie kombinasie moet met omsigtigheid gebruik word. Indien nodig, behoort kreatinienopruiming noukeurig gemoniteer word. Gelyktydige toediening van stowwe wat tubulêr uitgeskei word (bv. probenesied, penisillien) kan potensieel vertraagde opruiming van pemetreksed tot gevolg hê. Voorsorg moet getref word wanneer hierdie medisyne met PEXITAZ gekombineer word. Indien nodig, behoort kreatinienopruiming noukeurig gemoniteer te word.
Asetielsalisielsuur, wat in lae tot matige dosisse (325 mg oraal elke 6 uur) toegedien word, affekteer nie die farmakokinetika van pemetreksed nie.
By pasiënte met norrnale renale funksie (kreatinienopruiming ≥ 80 ml/min), kan hoë dosisse van nie steroïdale anti-inflammatoriese middels (NSAIMs, soos bv. ibuprofeen > 1600 mg/dag) en asetielsalisielsuur in hoë dosisse (≥ 1.3 g daagliks), mag die eliminasie van pemetreksed verlaag en gevolglik die voorkoms van die newe-effekte van pemetreksed verhoog. Dus moet omsigtigheid gebruik word wanneer hoër dosisse NSAIMs of asetielsalisielsuur gelyktydig met PEXITAZ toegedien word aan pasiënte met normale renale funksie (kreatinienopruiming ≥ 80 ml/min).

By pasiënte met ligte tot matige nierontoereikendheid (kreatinienopruiming van 45 to 79 ml/min), sal die gelyktydige toediening van pemetreksed met NSAIMs (bv. ibuprofeen) met korter eliminasie halfleeftye of asetielsalisielsuur by hoër dosisse vermy moet word vir 2 dae voor, op die dag van, en 2 dae na toediening van pemetreksed (sien seksie 4.4).

In die afwesigheid van data oor die potensiële interaksie met NSAIMs met langer halfleeftye, soos piroksikam of rofekoksib, behoort gelyktydige toediening met pemetreksed, soos in PEXITAZ, by pasiënte met ligte tot matige nierontoereikendheid onderbreek te word vir ten minste 5 dae voor, op die dag van, en ten minste 2 dae na PEXITAZ-toediening. Indien gelyktydige toediening van NSAIMs nodig is, behoort pasiënte noukeurig gemoniteer te word vir toksisiteit, veral miëlo-onderdrukking en gastroïntestinale toksisiteit.

Die farmakokinetika van pemetreksed word nie deur gelyktydig toegediende sisplatien of karboplatien beïnvloed nie. Op soortgelyke wyse word die farmakokinetika van totale platinum nie deur pemetreksed verander nle. Orale foliensuur en binnespierse vitamien B_{12} - supplementasie affekteer nie die farmakokinetika van pemetreksed, soos in PEXITAZ, nie. Pemetreksed ondergaan beperkte hepatiese metabolisme. Resultate van *in vitro* studies met menslike lewermikrosome, het aangedui dat dit voorspel kan word dat pemetreksed nle klinies beduidende inhibisie van die metaboliese opruiming van medisyne wat deur CYP3A, CYP2D6, CYP2C9 en CYP1A2 gemetaboliseer word, sal veroorsaak nie.

<u>Interaksies algemeen vir alle sitotoksiese middels</u>
As gevolg van die verhoogde trombotiese risiko by pasiënte met kanker, is die gebruik van behandeling met antikoagulasie middels algemeen. Die hoë inta-individuele veranderlikheid van die koagulasiestatus gedurende siektes en die moontlikeid van interaksie tussen orale antikoagulante en antikanker chemoterapie, word verhoogde frekwensie van INR (Internationale Normaliseerde Ratio) monitering benodig, indien besluit is om die pasiënt met orale antikoagulante te behandel.

Gelyktydige gebruik wat gekontraindikeerd is: Geelkoors vaksien: risiko van fatale veralgemeende vaksinale siekte (sien seksie 4.3).
Gelyktydige gebruik wat nie aanbeveel word nie: Lewende verswakte entstowwe (behalwe geelkoors, wat gekontraindikeerd is): risiko van sistemiese, moontlik fataal, siekte. Die risiko is hoër by individue wat alreeds immuno-onderdrukking weens hul onderliggende siekte het. Gebruik 'n geïnaktiveerde vaksien waar dit bestaan (poliomiëlitis) (sien seksie 4.4).

4.6 Fertiliteit, swangerskap en laktasie
Kontrasepsie by mans en vrouens
Vrouens wat die potensiaal het om swanger te raak, moet effektiewe kontrasepsie gebruik gedurende behandeling met PEXITAZ.
Pemetreksed kan geneties-skadelike effekte hê. Seksueel volwasse mans word aanbeveel om nie 'n kind te verwek gedurende en tot 6 maande na behandeling nie. Kontraseptiewe maatreëls of onthouding word aanbeveel.

Swangerskap
Daar is geen data oor die gebruik van pemetreksed, soos in PEXITAZ, by swanger vrouens beskikbaar nie. Dierestudies het voortplantingstoksisiteit soos geboortedefekte en ander defekte in die ontwikkeling van die fetus, die verloop van gestasie en voor·en na-ontwikkellng, aangedui. Die potensiële risiko vir die mens is onbekend. Die gebruik van pemetreksed, soos in PEXITAZ, behoort vermy te word tydens swangerskap as gevolg van die potensiële gevaar vir die fetus. Vrouens behoort ook aangeraai te word om swangerskap te vermy terwyl hulle met PEXITAZ behandel word.

Borsvoeding
Dit is nie bekend of pemetreksed in menslike melk uitgeskei word nie. Dit word dus nie aanbeveel dat borsvoeding tydens PEXITAZ-terapie voortgesit moet word nie.

Fertiliteit
As gevolg van die moontlikheid dat behandeling met pemetreksed onomkeerbare onvrugbaarheid mag veroorsaak, word mans aanbeveel om berading te soek aangaande die stoor van sperm voordat behandeling begin word.

4.7 Effek op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik.
Pemetreksed mag moegheid veroorsaak. Pasiënte moet dus teen bestuur of die gebruik van masjiene gewaarsku word indien dit voorkom.

4.8 Newe-effekte
Opsomming van die veiligheidsprofiel
Die mees algemene newe-effekte verwant aan pemetreksed, of dit as enkelterapie of in kombinasieterapie gebruik is, wat aangemeld is, is: beenmurgonderdrukking wat manifesteer as anemie, neutropenie, leukopenie, trombositopenie en gastroïntestinale toksisiteite wat manifesteer as anoreksie, naarheid, braking, diarree, konstipasie, faringitis, mukositis en stomatitis. Ander newe-effekte sluit in: renale toksisiteite, verhoogde aminotransferases, alopesie, moegheid, dehidrasie, veluitslag, infeksie/sepsis en neuropatie. Minder algemeen aangemelde voorvalle sluit in: Stevens-Johnson-sindroom en Toksiese epidermale nekrolise.

Hierop volg die newe-effekte verwant aan pemetreksed, of dit as enkelterapie of in kombinasieterapie gebruik is, wat aangemeld is in kliniese studies en na bemarking:
Infeksies en infestasies
Algemeen: Infeksie, sepsis.

Bloed- en limfatiese sisteem versteurings
Algemeen: Vermindering van neutrofiele/granulosiete, leukosiete, hemoglobien en plaatjies.
Minder algemeen: Pansitopenie
Frekwensie onbekend: Immuun-gemedieerde hemolitiese anemie.

I**muunsisteem versteurings**
Algemeen: Allergiese reaksie/hipersensitiewiteit.
Frekwensie onbekend: Anafilaktiese skok.

Metabolisme en voedingversteurings
Algemeen: Dehidrasie.

Senuweesisteem versteurings
Algemeen: Sensoriese neuropatie, disgeusie, motor-neuropatie.
Minder algemeen: Serebrovaskulêre ongeluk, kortstondige isgemiese aanval.

Oogversteurings
Algemeen: Konjunktivitis
Minder algemeen: Verhoogde traanvorming

Kardiale versteurings
Minder algemeen: Borspyn, supraventrikulêre disritmie, miokardiale infarksie en angina pektoris.

Vaskulêre versteurings
Frekwensie onbekend: Perifere iskemie.

Respiratoriese, torakale en mediastianale versteurings
Minder algemeen: Pulmonêre embolisme, interstisiële longontsteking.

Gastroïntestinale versteurings
Algemeen: Naarheid, braking. Stomatitis, mukositis/faringitis, anoreksie, diarree (sonder kolostomie), konstipasie, dispepsie/sooibrand, abdominale pyn.
Minder algemeen: Kolitis (insluitende intestinale en rektale bloeding, soms fataal, intestinale perforasie, intestinale nekrose en tiflitis), esofagitis/radiasie esofagitis.

Hepato-bilière versteurings
Algemeen: Verhoogde alanien- en aspartaataminotransferase (ALT en AST).
Minder algemeen: Hepatitis, verhoogde gamma-glutamientransferase (GGT).

Vel en subkutaneuse weefsel versteurings
Algemeen: Veluitslag/afskilfering, pruritus, alopesie, hiperpigmentasie, erythema multiforme.
Minder algemeen: Urtikarie.
Frekwensie onbekend: Bulleuse toestande, insluitend Stevens-Johnson-sindroom en toksiese epidermale nekrolise wat in sommige, gevalle wat fataal was; aansteeklike en nie-aansteeklike versteurings van die dermis, die hipodermis en/of subkutaneuse weefsel (bv. akute bakteriële dermo-hipodermitis, pseudosellulitis, dermatitis).

Renale en urinêre versteurings
Algemeen: Verlaging van kreatinienopruiming, renale versteurings (gekombineerde term sluit in verhoogde serum/bloed kreatinien, verlaagde glomerolêre filtrasiespoed, nierversaking en renale/ genitourinêre- ander).
Frekwensie onbekend: Nefrogeniese diabetes insipidus, renale tubulêre nekrose.

Algemene versteurings en toestande by die toedienigsplek
Algemeen: Moegheid, koors, pyn, edeem.
Frekwensie onbekend: Eritemateuse edeem, hoofsaaklik van die laer ledemate.

Besering, vergiftiging en prosedure komplikasies
Frekwensie onbekend: Herroeping van radiasie, radiasie pneumonitis.

Rapportering van verwagte newe-effekte
Aanmelding van verwagte newe-effekte na magtiging van die medisyne is belangrik. Dit laat voortgaande monitering van die voordeel/risiko-balans van die medisyne toe. Gesondheidsorgverskaffers word gevra om enige verwagte newe-effekte aan te meld aan SAHPRA via die “6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form”, wat aanlyn gevind kan word onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8.

4.9 Oordosering
Aangemelde simptome van oordosering sluit neutropenie, anernie, trombositopenie, sensoriese polineutropatie en veluitslag, in. Die verwagte komplikasies van oordosis sluit beenmurgonderdrukking, soos gemanifesteer deur neutropenie, trombositopenie en anemia, in. Daarbenewens mag infeksie met of sonder koors, diarree en/of mukositis, waargeneem word. In geval van vermoede oordosis, behoort pasiënte gemoniteer te word deur middel van bloedtellings en behoort hulle ondersteunende terapie soos nodig te ontvang. Die gebruik van leukovorin in die hantering van pemetreksed -oordosis behoort oorweeg te word.

5. Farmakologiese eienskappe

5.1 Farmakodinamiese eienskappe
A 26: Sitostatiese middels
Farmakoterapeutiese groep: Foliensuur analoë, ATC kode: L01BA04

Pemetreksed Is 'n multiteiken antikanker antifolaatmiddel wat sy werking uitoefen deur onontbeerlike folaat-afhanklike metaboliese prosesse, wat vir selreplikasie noodsaaklik is, te ontwrlg.

Pemetreksed tree op as 'n multiteiken antifolaat deur inhibisie van timidilaatsintase (TS), dihidrofolaatreduktase (DHFA) en glisienamied-ribonukleotied·formieltransferase (GARFT), wat die sleutel fosfaat-afhanklike ensieme vir die *de nova* biosintese van timidien- en purien-nukleotiede is. Pemetreksed word tot binne in selle vervoer deur beide die gereduseerde folaatdraer en membraan-folaatbindende proteïen-transportsisteme.
Nadat dit binne in die sel is, word pemetreksed vinnig en doeltreffend omgesit na pollglutamaatvorms deur die ensiem folielpoliglutamaatsintase. Die poliglutamaatvorms word in selle teruggehou en is nog meer potente inhibeerders van TS en GARFT.
Poliglutamaatvorming is 'n tyd- en konsentrasie-afhanklike proses wat in tumorselle en tot 'n mindere mate, in normale weefsel voorkom. Poliglutamaat-metaboliete het ‘n verhoogde intrasellulêre halfleeftyd wat verlengde werking in maligne selle veroorsaak.

5.2 Farmakokinetiese eienskappe
Pemetreksed het 'n ewewigstoestand volume van distribusie van 16,1 liter. Pemetreksed is ongeveer 81 % aan plasmaproteïene gebonde. Binding is nie merkbaar deur wisselende

grade van nierinkorting beïnvloed nie. Pemetreksed ondergaan beperkte hepatiese metabolisme.

Pemetreksed word hoofsaaklik in die urine uitgeskei en 70 % tot 90 % van die toegediende geneesmiddel word onveranderd in die urine binne die eerste 24 uur na toediening herwin. Die totale sistemiese opruiming van pemetreksed is 91,8 ml/min en d!e eliminasie halfeeftyd uit plasma is 3,5 uur by pasiënte met normale renale funksie (kreatinienopruiming van 90 rnl/mln). Tussen-pasiënt variabiliteit in opruiming is matig teen 19,3 %. Die totale sistemiese blootstelling (AOK) en die maksimum plasmakonsentrasie van pemetreksed neern proporsioneel met dosls toe. Die farmakokinetika van pemetreksed is konsistent oor veelvoudige behandelingsiklusse.
Die farmakokinetiese eienskappe van pemetreksed word nie deur gelyktydig toegediende sisplatien beïnvloed nie. Orale foliensuur en intamuskulêre vitamien B_{12}- supplementasie affekteer nie die farmakokinetika van pemetreksed nie.

5.3 Pre-kliniese veiligheidsdata
Daar is aangemeld dat toediening van pemetreksed aan swanger muise ‘n verlaagde fetale lewensvatbaarheid, verlaagde fetale gewig, onvolledige ossifikasie van sommige skeletstrukture en gesplete verhemelte tot gevolg kan hê.

Daar is aangemeld dat toediening van pemetreksed aan manlike muise reproduktiewe toksisiteit, gekenmerk deur verlaagde vrugbaarheidskoerse en testikulêre atrofie tot gevog kan hê. In ‘n studie gedoen by beagle honde deur intraveneuse bolus-inspuiting vir 9 maande, is testikulêre bevindings (degenerasie/nekrose van die seminale epiteel) aangemeld. Dit dui daarop dat pemetreksed manlike fertiliteit kan benadeel. Vroulike fertiliteit is nie ondersoek nie.

Pemetreksed was nie mutagenies in die *in viro* chromosoom-afwykings toets in Chinese hamster se eierstokselle of die Ames toets nie. Daar is gerapporteer dat pemetreksed klastogenies was in die *in vivo* mikronuleus-toets in muise.
Studies om die karsinogeniese potensiaal van pemetreksed te evalueer, is nie aangemeld nie.

6. Farmaseutiese besonderhede
6.1 Lys van ander bestanddele
Soutsuur, mannitol, suiwer stikstof, natriumhidroksied.

6.2 Onverenigbaarhede
PEXITAZ moet nie met ander middels gemeng word, behalwe met die wat genoem word in seksie 6.6 nie.
PEXITAZ is fisies onverenigbaar met verdunningsmiddels wat kalsium bevat, insluitende Ringer-Laktaat- inspuiting, USP en Ringer- inspuiting, USP, en dus moet hierdie middels nie gebruik word nie.

6.3 Rakleeftyd
Onoopgemaakte flessie:
24 maande
Hersaamgestelde en oplossings vir infusie:
Chemiese en fislese stabiliteit vir die hersaamgestelde oplossings en oplossings vir infusie is gedemonstreer vir tot 24 uur na die aanvanklike hersamestelling, as gestoor by 25 °C. Uit 'n mikrobiologiese oogpunt gesien, behoort PEXITAZ onmiddellik gebruik te word. Indien dit nie onmiddellik gebruik word nie, is die in-gebruik bergingstye en toestande voor gebruik die verantwoordelikheid van die gebruiker en behoort dit gewoonlik nie langer as 24 uur by 2 - 8

°C te duur nle, tensy hersamestelling of verdunning in gekontroleerde en gevalideerde aseptiese toestande plaasgevind het. Indien voorberei soos aangedui, bevat die hersaamgestelde en oplossings vir infusie van PEXITAZ geen antimikrobiese preserveermiddels nie (sien seksie 6.6). Gooi enige ongebruikte gedeelte weg.

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls vir berging

Bewaar by of benede 25 °C.
Dien die oplossing vir infusie binne 24 uur na die aanvanklike hersamestelling toe. Gooi enige ongebruikte gedeelte weg.

6.5 Aard en inhoud van die houer

PEXITAZ 100:
Elke karton bevat ‘n 10 ml kleurlose tubulêre flessie met ‘n grys rubber stopper en is met ‘n ligte groen opknipdoppie, aan beide kante bedek met deursigtige lak, verseël.
PEXITAZ 500:
Elke karton bevat ‘n 50 ml kleurlose gevormde flessie met ‘n grys rubber stopper en is met ‘n ligte groen opknipdoppie, aan beide kante bedek met deursigtige lak, verseël.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir wegdoening en ander hantering

Soos met enige ander potensieel toksiese antikankermiddels, moet sorg gedra word met die hantering en voorbereiding van pemetreksed-oplossings vir infusie. Die gebruik van handskoene word aanbeveel. Indien ‘n pemetreksedoplossing met die vel in aanraking kom, was die vel dadelik en deeglik met seep en water. Indien pemetreksed-oplossings met mukusmembrane in kontak kom, spoel dit deeglik met water. Pemetreksed is nie ‘n middel wat blase vorm nie. Daar is nie ‘n spesifieke teenmiddel vir ekstravasasie van pemetreksed nie. Daar is ‘n paar gevalle van pemetreksedekstravasasie aangemeld wat nie as ernstig beskou is deur die ondersoeker nie. Ekstravasasie moet hanteer word deur lokale standaardpraktyk soos met ander nie-blaasvormende middels.
Hersamestelling en verdere verdunning van PEXITAZ voor intraveneuse infusie, word slegs aanbeveel met 0,9 % Natriumchloried-inspuiting (sonder preserveermiddel).
PEXITAZ is verenigbaar met standaard polivinielchloried (PVC) administrasie stelle en intraveneuse oplossing sakke.
Die PEXITAZ-oplossing moet as volg voorberei word:

1. Gebruik 'n geskikte aseptiese tegniek tydens die hersamestelling en verdere verdunning van PEXITAZ vir intraveneuse infusie toediening.
2. Bereken die dosis van PEXITAZ en bepaal die getal flessies wat benodig word. Die flessies bevat ieder 100 mg of 500 mg PEXITAZ. Die flessies bevat 'n oormaat PEXITAZ om aflewerlng van die hoeveelheid wat op die etiket aangegee word, moontlik te maak.
3. Elke 100 mg flessie moet met 4, 2 ml van ‘n 0, 9 % Natriumchloriedinspuiting (sonder preserveermiddel) hersaamgestel word. Elke 500 mg flessie moet met 20 ml van 'n 0,9 % Natriumchloriedinspuiting (sonder preserveermiddel) hersaamgestel word. Die hersamestelling van albei groottes flessies lewer ‘n oplossing wat 25 mg/ml PEXITAZ bevat. Draai elke flessie versigtig in die rondte totdat die poeier volkome opgelos is. Die oplossing wat hierdeur verkry word is helder en wissel in kleur vanaf kleurloos tot geel of groengeel sonder om die produk se kwaliteit nadelig te beïvloed. Die pH van die hersaamgestelde PEXITAX-oplossing is tussen 6,6 en 7,8. VERDERE VERDUNNING WORD BENODIG.
4. ‘n Toepaslike hoeveelheid van die hersaamgestelde PEXITAZ-oplossing moet verder verdun word met ‘n oplossing van 0.9 % Natriumchloried (sonder preserveermiddel), sodat die totale volume van die oplossing 100 ml is. Die sakkie behoort versigtig omgekeer te word om die oplossing te meng om ‘n homogene oplossing te verkry.
5. PEXITAX word toegedien as ‘n intraveneuse infusie oor 10 minute.

6. Chemiese en fisiese stabiliteit van die hersaamgestelde en die oplossing vir infusie van PEXITAZ (sien seksie 6.3 Rakleeftyd).
7. Parenterale produkte behoort visueel ondersoek te word vir vreemde deeltjies en kleurverandering voor toediening, wanneer die oplossing en die houer dit toelaat. Indien vreemde deeltjies opgemerk word, moet dit nie toegedien word nie.
8. Prosedures vir die geskikte hantering en wegdoening moet toegepas word. Sorg moet uitgeoefen word met die hantering en voorbereiding van infusie-oplossings van PEXITAZ. Enige ongebruikte inhoud van die flessie behoort weggedoen te word.

7. Houer van die Sertifikaat van Registrasie
RANBAXY PHARMACEUTICALS (PTY) LTD
'n Sun Pharma maatskappy
Lautre Weg 14, Stormill, Uitbreiding,
Roodepoort, 1724
Suid Afrika

8. Registrasienommer(s)
PEXITAZ 100: 51/26/0231
PEXITAZ 500: 51/26/0232

9. Datum van eerste magtiging/hernuwing van die magtiging
Datum van registrasie
14 Julie 2020